# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 13 Augustus 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter**

Die negevoudige vrug van die Gees word deur sommige verklaarders in 3 kategorieë ingedeel. Ons moet egter onthou dat hierdie onderskeiding nie heeltemal waterdig gehandhaaf kan word nie omdat die Heilige Gees hierdie aspekte in samehang met mekaar in ons lewe na vore laat kom.

1. Verhouding met God (liefde, vreugde, vrede);
2. Verhouding met jou naaste (geduld, vriendelikheid en goedhartigheid); en
3. Verhouding met jouself (getrouheid, nederigheid en selfbeheersing).

Ons fokus vandag op die eerste een van die laaste kategorie naamlik "getrouheid". Hierdie laaste drie aspekte van die Heilige Gees se werk in ons lewe fokus op die diepste hartsgesindheid en karaktereienskappe van 'n gelowige. **Die laaste drie aspekte handel amper meer oor wie ons is, as oor wat ons as gelowiges doen!** Die vraag wat vanmore gevra word: **Is jy regtig 'n getroue en betroubare gelowige?**

**Tema:** Die sewende vrug van die Gees is om getrouheid aan God en betroubaarheid teenoor mense in ons lewens vas te lê.

**Lofsang met die oog op die erediens**
Ps. 33 - 2: 1, 2 en Ps. 71 - 2: 1, 2, 3

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied Ps. 15 - 2: 1, 2, 4; Votum; Seën; Loflied Ps. 89 - 2: 1, 2; Geloofsbelydenis: 12 Artikels

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: Eksodus 20: 1 - 3; Fokus op die Eerste Gebod, HK Sondag 34, vr 94 en 95; Sing Ps. 103 - 1: 9; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Psalm 15 ; Matteus 23: 16 - 23; Lukas 16: 10 - 13; Open. 2: 8 - 11
Fokusverse: Galasiërs 5: 22
Sing: Ps. 116 - 1: 1,8 (Kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Sing Ps. 119 - 1: 2, 11; Gebed; Liefdegawes by die deure; Sing Ps 1-1: 1, 2; Seën; Amenlied Sb 13-2.

**AANDDIENS:** Ds. Piet Venter

Die boek Rigters is seker een van die boeke in die Bybel waarin die ontrou van gelowiges ten beste geteken word teenoor die getrouheid van die Here. Die volk Israel se ontrou lyk soos die op-en-af-lyntjie van die EKG-monitor van ‘n baie siek man. Daarteenoor staan die onbegryplike trou van die Here teenoor sy volk. En vanuit hierdie trou roep die Here vanaand ook tot elkeen van ons.

**Tema:** Wees trou aan My soos Ek trou teenoor julle is.

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Sb 20-1: 1, 3, 6 (Mel Ps 134); Votum; Seën; Loflied Ps. 103 - 1: 1, 3; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Rigters 2: 6 – 3: 6;
Teksverse Rigters 2: 11 - 17
Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawe; Sing Ps. 103 - 1: 7, 9, 11; Seën; Amenlied: Sb 13-3.

## MEELEWING

- Marnel Forster het ‘n operasie ondergaan en sterk aan.
- Pieter Potgieter moet hierdie week vir voorbereidende toetse na Pretoria gaan met die oog op ‘n rugoperasie wat hy op 24 Aug daar moet ondergaan.
- Douw Grobler het weer ‘n hartstilstand ervaar en is in Anncron Hospitaal opgeneem vir toetse en behandeling.
- Dit gaan baie beter met Andries du Plessis na die verwydering van die staalplaat uit sy kakebeen en daar is hoop om rekonstruksie te doen sodra hy daarvoor gereed is. Ons is baie dankbaar saam met hom en sy familie.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte, Hannatjie du Plessis en Andries du Plessis.

## ONS VERWELKOM

- Johandi Ebersohn wat met attestaat vanaf GK Potchefstroom Die Bult by ons aansluit. Sy woon op Hoewe 36, Mooivalleipark, Groep 25.
- Elbie Swanepoel wat met attestaat van GK Bloemfontein-Noord aansluit. Sy woon in Mi Casa m/h 15, Groep 29.
- Wessel Heyns wat uit die NG Kerk opgeneem word in ons gemeente. Hy woon in Bark Ave 5, Birchwood Estate, Groep 29.

## ONS GROET

Wilna Botha wat vertrek na NH Kerk Grimbeekpark.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie Les 16
Tee en koffie
17:00 Aanddiens

**Maandag**
18:00 Kersmarkkomitee

**Dinsdag**
18:00 Katkisasie gr 8 - 10
17:00 Eiendommediensgroep

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie
17:00 Katkisasie gr 11

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Teologiese studentekas (Klein boks) Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 10 en 11.

## DANKIE VIR TOPIA-BYDRAES – SO KAN DIE EVANGELIE VERDER GAAN!

Ons is baie dankbaar teenoor die Here vir die mooi bydraes wat lidmate verlede Sondag gemaak het vir die TOPIA-bediening. Die deurkollekte het R 6000.00 opgelewer en saam met die Kerkraad, Susters en 'n individuele bydrae, kon ons
R 31 000.00 aan TOPIA oordra. Ons bid steeds dat die Here sal voorsien in die res van die tekort wat hulle ondervind sodat ds Johannes sy sendingwerk kan voortsit.
Indien lidmate belangstel om TOPIA se sendingreise mee te maak en meer te wete kom van die sendingwerk van ds Johannes, kan hulle Adele by die kerkkantoor kontak.

## KINDERFEES
## 2 - 6 OKT 2023



Ons begin nou volstoom werk aan die voorbereidings vir vanjaar se Kinderfees tydens die Oktober skoolreses. Ons kon met die seën van die Here in die verlede werklik 'n groot impak maak op die gemeenskap van Potchefstroom met die Kinderfees en bid dat dit vanjaar weer die geval sal wees. Behalwe vir die Belydenisklaskatkisante wat hierdeur praktiese ervaring optel, bied dit vir lidmate 'n lekker geleentheid om by 'n uitreikprojek betrokke te wees.

ENIGE IEMAND WAT GRAAG BY DIE KINDERFEES BETROKKE WIL RAAK, MOET MET DS PIET KONTAK! Daar is geleentheid om te help as groepleier, om te help met bou en oprig van toerusting, kosmaak vir die kinders, daaglikse ontvangs en inskrywing van die kinders, ens. Kontak ds Piet sou gou as moontlik sodat julle betyds by al die opleidingsgeleenthede betrokke kan raak.

Ons bid vir die Kinderfees Diensgroep onder leiding van Engela van der Walt en Nicolette Visser baie sterkte toe.

## OORSIG OOR DIE REEKS OOR DIE HEILIGE GEES

Johannes 15: 5
Christus is die ware wingerdstok en ons moet in Hom bly sodat ons baie vrugte vir God kan dra.
Johannes 15: 1
God (die Boer) het vir Homself 'n wingerd geplant (die kerk) waar Hy almal (die lote) in Christus saambind om vir Hom vrug te dra.
Johannes 16: 5 - 7 en Gal. 5: 25

Ons dra vrugte vir God wanneer ons ons deur die Heilige Gees laat lei!
Galasiërs 5: 13 - 26
Die eerste vrug van die Gees: om God se **liefde** vir ander mense te gee.
Johannes 16: 16 - 24 en Romeine 5: 1 - 11
Die tweede vrug van die Gees is om ware lewens**vreugde** in die Here te hê.
Handelinge 2: 1 - 21; Filippense 4: 2 - 9
Die derde vrug wat die Gees in my werk is dat die **vrede** van my herstelde verhouding met God my lewe vul en en my tot ‘n vredemaker verander.
Eks 34: 4 - 10 / Efes. 4: 1 - 6 / Kol. 3: 12 - 14 en Gal. 5: 22
Die vierde vrug van die Gees is dat Hy jou herinner aan God se **geduld** met jou sodat jy ook geduldig is.
Lukas 6: 27 - 36 / Titus 3: 3 - 7 en Gal. 5: 22
Die vyfde vrug van die Gees: Christus is die “**Vriendelikheid”** van God waarmee Hy my kom dien het sodat die Gees ‘n vriendelike, sagte aanvoeling van diens aan ander in my kom werk.
Die sesde vrug van die Gees: God vul ons oorvloedig in Christus en die Gees sodat ons met **goedhartige** oorvloed kan uitdeel.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 13 Augustus**
Br Hardus Kruger

**Maandag, 14 Augustus**
Jsr Sunè Crause
Br Chris de Bruyn
Sr Emily Hefer *
Sr Truida vd Walt

**Dinsdag, 15 Augustus**
Br Zard Aucamp
Br Roelf Botha *
Jbr Riaan de Kock

**Woensdag, 16 Augustus**
Sr Barbara Coetzer
Sr Cornè Geyer

**Donderdag, 17 Augustus**
Sr Ina Hattingh *

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## Amandelbloeisels – 23 Augustus 2023

Liewe vriende en geloofsgenote, kom en geniet ŉ heerlike kuiertjie hier in die stuiptrekkings van die winder saam met vriende en geloofsgenote op Woensdag 23 Augustus om 10:00 by die Skuur.

Die alombekende spreker en kunstenaar Paul Schutte gaan met ons kom gesels oor sy pragtige kwiltwerk. Hy is ŉ ware kunstenaar en van sy kwilte is al in verskeie oorsese en plaaslike uitstallings ingesluit. Hy is boonop ook ŉ woordkunstenaar (en het ook vele musikale talente, onder andere!) en dit gaan ŉ fees wees om na sy bespreking en vertelling te luister.

Agterna gaan ons heerlik saamkuier oor ŉ drinkdingetjie en verversings.

Ons sien baie daarna uit om weer saam met almal te kuier. Moet beslis nie hierdie interessante byeenkoms mis nie – jy gaan beslis baie mis!

## TERUGVOER VANAF BIBLES FOR BELIEVIERS: ANGOLA ONDIJIVA BYBELPLASING

(Ons gemeente het bygedra tot hierdie uitreik)

‘n Harvesters-span en ‘n aantal vennote en vriende, het verlede maand, in samewerking met die Gereformeerde Kerk Bellville-Oos, weer kon beleef hoe kosbaar dit is om deur die bosse te ry, en ‘n Bybel in iemand wat nie ‘n eie Bybel het nie, se hande te plaas.

Danksy die bydraes en ondersteuning van wonderlike medewerkers soos julle, kon die span van 39 mense meer as 5500 km vanuit Gauteng en die Wes-Kaap reis, om 3146 Portuguese, Oshikwanyama, Engels, asook Umbundu Bybels aan lidmate van 154 kerke in die Ondjiva omgewing (Suidelike Angola), asook 3 kerke in Ovamboland, Namibië uit te deel. (‘n Tweede Harvesters-span het net daarna ‘n verdere 3570 by Kitwe en Solwezi in Zambië uitgedeel.)

Wat my baie opgeval het terwyl ons op gronderige, stowwerige paaie van kerk-na-kerk gery het in die Kunene distrik in Suidelike-Angola, was die baie geroesste, ou wrakke van oorlogtuig tussen die bosse – alles maar net die stille getuienis van die skrikwekkende oorlog wat daar gevoer was. Om elke keer maar net daaraan te dink dat daar mense dood is. En dan die wonderlike wete dat ons kerkies kon besoek – geplant deur leraars wat betrokke is by Harvesters – en hoop, in die vorm van ‘n Bybel vir soveel van hierdie kosbare kinders van God kon bring!

Baie dankie weereens dat ons met hierdie projek ook vir julle kon nader – en jul bydrae wat gehelp het dat hierdie Bybels aangekoop kon word, suksesvol deur die Namibië-Angola grens vervoer kon word – en vir mense gegee kon word wat vir ons gestaan en wag het, omdat hy weet: “Vandag kry ek ‘n Bybel.”

Elke keer hoor ons wonderlike getuienisse van diegene wat die eerste keer ‘n Bybel kry. ‘n Opregte “dankie” uit die hart. Aangeheg is so 3 kort stories. Bid saam met ons dat elkeen van dié Bybels gelees en bestudeer sal word, maar dat diegene wat ‘n Bybel ontvang het, dit sal gebruik om ander na Jesus te lei, sodat hulle ook dissipelmakers van Jesus kan word.

Baie seën vir julle,
Andrè Jooste (Bibles for Believers)

## GKSA-NUUS

Beroep bedank
Ds. G.D. (Orrie) Oosthuizen van GK Vaalharts is daartoe gelei om vir die beroep na GK Empangeni te bedank.

## KENNISGEWINGBORD

- Tuinwoonstel te huur: Kontak Pieter de Villiers 082 366 0446
- Massa Mannesang, 20 Aug te Miederpark Kerkgebou

**BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!**





# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Susan Lourens en groep 9, Chanelle v As en groep 18, Gizelle Alberts en groep 27, asook Anneke Steenkamp en groep 35.

## SUSTERSBYDRAE en BLIKKIES-WARMHARTE

- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.
- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KANSA-PROJEK

*Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA" sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal.*

## NAGMAALETE: 17 SEPTEMBER



Anna Smith en die susters van Blok B herinner u dat ons op 17 September 'n heerlike nagmaalete het! Hou hierdie datum reeds oop vir 'n piekniek, buite onder die bome. Hulle benodig 'n hele paar gazebo's, indien iemand daarmee kan help kan u asb die kerkkantoor kontak.

## KWARTAALPROGRAM

| DERDE KWARTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **DAG** | **TYD** | **WIE** | **WAT** |
| **Jul-Aug** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| 10-Sep | Sondag | 19:00 | Blok A | Ouderlingverversings |
| 17-Sep | Sondag | 12:00 | Blok B | Nagmaalete |
| 26-Sep | Dinsdag | 18:30 | Blok C | Potch-Oos Sustersafsluiting |
| 2-6 Okt | Week | 10:00 en 12:00 | Almal | Kinderfees |



# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is ‘n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal ‘n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug ’n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur ’n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.

Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |